

18 September

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-16

Fokusgedeelte: Romeine 2:13

Die wet van God : Ook deel van sy goeie nuus

Die goeie nuus van die lewende God is so totaal anders. Dit is 'n ewige goedheid en waarheid wat in 'n boodskap gedra word. Dit is goeie nuus wat nie deur die hartseer boodskappe van tyd en omstandigheid uitgegee kan word nie. Dit is so omdat God se goeie nuus ook wetsnuus is.

In vers 13 volg 'n beslissende uitspraak wat Paulus met oortuiging stel, naamlik: dit gaan by God nie om die hoor van die wet nie, maar om die doen daarvan. En die goeie nuus hieraan verbonde is om te weet dat 'n doener van die wet nie iemand is wat noodwendig volmaak elke stukkie van die wet volvoer nie. Inteendeel, 'n wetsdoener is 'n nietige mens wat met verwondering gelowig op die wet reageer. Hy aanvaar dit as 'n rigsnoer vir elke lewensdag en lewe dan deur die Gewer van die wet te eer (vergelyk Rom 10:5 en Gal 3:12). God wil dus nie net ore hê wat hoor nie, hy wil mense hê wat gehoorsaam is.

God se goeie nuus wat aan jou bedien word, is dat hy nie mense van hulle sondes vryspreek bloot omdat hulle gereeld na die wet luister nie. Nee, Hy spreek net daardie mense vry wat alles doen wat die wet sê; mense vir wie die wet meer is as blote kennis; meer is as maar 'n besitting; meer is as verse en woorde wat gelees en gememoriseer word.

Ons word vrygespreek deur Hom wat die wet vervul het: Jesus Christus, die Here. Hy is die Een wat jou deur sy Gees laat verstaan dat die Here se wet rein en onbesmet is én jou hart bekeer. Dan word jou hande vaardig, jou lewe 'n getuigenis in hart en hande. En luister na die goeie boodskap: jy wat sy wet bemin, sal daarin 'n groot genadeloon vind!

Sing: Psalm 40:4

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)